# EDDIES SKOOLKOERANT

*2023* | *1STE UITGAWE* | *EDDIES NUUS*


# EDDIES SPOG MET 30 ONDERSKEIDINGS!

## Mnr & Mej Valentyn




Dit was 'n heerlike valentynsbal! Almal het saam liefde gevier, gedans en net lekker geëet. Die kos was ongelooflik smaaklik, en almal het vir 2de happies gegaan.

*~ Johanika Kloppers*




## Ons spog graag met ons matriek-klas van 2022:

- Al 33 leerders voldoen aan die minimum vereistes vir toelating tot Baccalareus Graadstudies
- 30 x A simbole
- 56 x B simbole
- 97 x C simbole

Ons is sprakeloos!! Julle het ons ongelooflik trots gemaak!! Baie geluk aan elke matrikulant, hul onderwysers, sowel as hulle ouers!!

# TANNIE ONA VERJAAR

Ons eie engel op aarde het verjaar! Elkeen van ons by Duo Edu waardeer tannie Ona so baie! Nie net voed sy ons magies nie, maar ook ons gees met haar liefde, omgee en wyse woorde!! Ons sê dankie aan elke ouer, leerder en onderwyser wat gehelp het om tannie Ona se dag spesiaal te maak!!











# GR11 BEROEPS-EKSPO

Ons Gr 11- en Gr 12-leerders het 'n uitstappie gehad na die jaarlikse Beroeps-Expo wat by Hoërskool Waterkloof aangebied is. Dit was 'n groot sukses en ons glo die leerders het 'n paar nuwe doelwitte vir hulself gestel.



> "Dit was 'n besonderse ervaring gewees."

# HEMELVAART











# LIEFDE IN DIE LUG

Die vrolikste tyd van die jaar: 'n dag van liefde. By ons skool, vier ons valentynsdag op 'n baie besonderse manier – van briefie vir my liefie, piekniek op die gras en dan word dit afgerond met 'n valentynsbal. Dit is een aand waar ons mekaar, en liefde kan vier. Ek kan nie wag vir volgende jaar se valentynsdag vieringe nie!

~ JP Lötter




Mej Valentyn - Benita Jacobs
Mnr Valentyn - Luan Venter



1ste Prinses - Chazelle Pienaar
2de Prinses - Jancke van der Merwe

Ons was baie opgewonde want dit was die eerste keer dat ons graad 9's die bal kon bywoon. Die kleredrag was semi-formeel met "sneakers".

Ons het omtrent soos konings en koninginne aan die lekker kos geëet. Almal het lekker saam met hul vriende foto's geneem in die "photo booth".

Ek sal beslis volgende jaar weer die Valentynsbal bywoon.

~ Lee Binneman



1ste Prins - Aidan Janse van Rensburg
2de Prins - Darius Louw


LOFT


LOFT


LOFT
AT
NINE

# EDDIES HET VELE TALENTE



LEANI VAN DER HEEVER

🌸Leani verower SA-kleure vir kreatiewe skryfwerk en vir die fotogeniese afdeling. Sy het in 3 kategorieë 1ste uit die stryd getree en is genooi na die ambassadeursfunksie op 16 September waar die SA-kleure aan haar oorhanding sal word.

🌸Tydens die kamp ontvang sy haar uitslae vir die ATKV Digi-toneel. Sy behaal goud en is een van net 16 leerders in die land wat deurgedring het na die finaal. Dit beteken sy is onder die top 16 in die land.

Ons is ongelooflik trots op jou en al jou prestasies!

AIDEN DE ESCLANA



Aiden het 2 - 5 Maart deelgeneem aan Swem Suid-Afrika se vlak 2 Streekskampioenskappe by Hillcrest swembad en uitstekend gevaar.

Ons is baie trots op jou! 🏊




## BERNARD RADEMEYER

Die Kursus was “Dale Carnegie Generation Next”. Dis ‘n leierskaps en kommunikasie kursus wat by Boys High aangebied is. Bernard het dit geslaag, maar ook ‘n addisionele sertifikaat ontvang vir Bo-gemiddelde prestasie!



## EWALD ULBRICH

Die afgelope naweek het Ewald Ulbrich aan die Nasionale Binnenshuise byeenkoms by Ultimate Aim deelgeneem. 165 boogskutters regoor SA het by verskeie virtuele venues regoor Suid-Afrika deelgeneem. Elkeen met 'n droom om as Nasionale Binnenshuise Kampioen gekroon te word.

Ewald het gekwalifiseer vir die Protea-span om Suid-Afrika te verteenwoordig in die Afrika Streekveldboogskietkampioenskap 2023. Dit vind van 30 Junie – 2 Julie in Windhoek Namibië plaas.



STEFAN SWART

## 🚵 Bergfiets 🚵

Stefan Swart in graad 9, het die afgelope naweek deelgeneem aan ń bergfietswedren by Steyn City. Dit is die eerste een in ń reeks van ses Cycle Lab School Series bergfietswedrenne, wat oor die volgende 3 maande gaan plaasvind.

Ons is trots op jou Stefan en hou jou met afwagting dop!!

Christiaan Preddy het die deelgeneem aan die Junior National Champioships rolbal kompetisie 3-6 April 2023 en uitstekend presteer! Baie geluk. Ons is trots op jou!

ChRiSTiaaN PReddy


















# Gr12 ENTREPRENEURSDAG






Die entrepreneursdag van die Gr12's was een vir die boeke! Daar was soveel lekkernye om van te kon kies! Dit was omtrent 'n stormloop om by al die stalletjies uit te kom pouse, want ons almal ken die "*First come. First serve*".

*~ Mila Kriek*


























# Gr9 ENTREPRENEURSDAG









Ons Gr9's was gereed vir entrepreneursdag! Ons het gesukkel om op te let in die klas, want ons was te opgewonde.

In die LO periode het ons klas 'n kans gekry om ons stalletjies reg te kry. Binne 20 minute is al ons produkte uitverkoop.

Hoop almal het dit geniet en 'n lekker dag gehad.

*~ Migael Gordon.*









# Gr11 ENTREPRENEURSDAG











# BREINBREUKERDAG






# Krieket



Ons opgewondenheid was groot, maar tog was ons benoud oor Nuwe Hoop se krieket span. Wat ń goeie span! Maar nie goed genoeg vir die Eddies van 2023 nie! Goeie baanwerk en goeie span gees. Wat ń voorreg om deel te kan wees van so ń krieketspan. Baie trots op al my spanmaats. Kan nie wag vir volgende jaar nie.

*~ Keira Truter*









# Netbal

Waar begin ek … ons almal het gestres maar tog geweet ons het saamgewerk as ń span, en toe wen ons! Alhoewel ons teen 1 span verloor het, het ons nie opgegee nie. So as die vraag weer kom van hoe was netbal …gaan ek sê dit was AWESOME! Ek is so bly ons span staan saam, maak nie saak wat nie! Hulle is soos nog ń familie.

*~ Johanika Kloppers*









# Hokkie










# Rugby







Die wedstryd teen Raslow se juniorspan was baie opwindend gewees.

Adino het met die bal gehardloop, almal het met angs toegekyk! Raslouw se spelers het hom probeer stop, maar Adino het so vinnig gehardloop soos hy kon en druk toe ń drie wat gemaak het dat ons die wedstryd wen! Jordan het ook gedurende hierdie wedstryd 3x drieë gedruk.

*~ Deon Prinsloo*

# Nuwe juffrouens

**1. Waarom het juffrou besluit om ‘n onderwyseres te word?**

Om 'n onderwyser te wees, beteken dat elke dag vir jou 'n ander stel uitdagings bied om die lewe interessant te hou! Elke oggend vul my met opgewondenheid en ek is elke dag gretig om weer in my klaskamer te kom. Bo en behalwe dit kry ek ń geleentheid om leerders te sien groei om hulle volle potensiaal te bereik.

**2. Watter vakke wil juffrou aanbied by ‘n skool en waarom?**

Afrikaans. Tale is nog altyd my passie en om ń liefde daarvoor onder leerders te kweek is vir my vervullend.

**3. Het juffrou ‘n passie vir kinders met leeruitdagings?**

Definitief! Dit is vir my ń groot eer om leerders wat leeruitdagings het, te lei en ondersteun sodat hulle hulle doelwitte kan bereik en kan uitklim tot bo.

**4. Wat maak ons skool, Duo Edu so uniek?**

Ons kinders se sagte harte! Duo Edu leerders is almal baie besorgd oor hulle Juffrouens, en oor mekaar. Dit is so lekker om te sien hoe die kinders van Duo Edu mekaar aanvaar soos hulle is!

*~ Aidan de Esclana*



Juffrou Danica

**1. Waarom het juffrou besluit om ‘n onderwyseres te word?**

Ek het belangstelling in onderwys omdat dit so ‘n belonende professie is. Jy kry elke dag die geleentheid om in kinders se lewens te investeer en is bevooreg om hulle akademiese asook persoonlike groei dag vir dag te sien verbeter

**2. Het juffrou ‘n passie vir kinders met leeruitdagings?**

Ja, ek het. Om te werk met kinders met leeruitdagings gee my die geleentheid om hulle te motiveer vir die toekoms. Ek streef daarna om ‘n impak te maak in die lewens van kinders deur hulle gereedskap en hulpbronne te gee om volgens hul leerstyl te leer.

**3. Wat is juffrou se doel nadat juffrou klaar gestudeer het?**

Een van my doelwitte sal wees om skool te gee en daardeur soveel harte hoop en motivering te gee!

**4. Wat maak ons skool, Duo Edu so uniek?**

DUO EDU se uniekheid lê in die eenheid van diversiteit van die leerders. Alhoewel geen leerder dieselfde is nie, is die samehorigheid in die skool tasbaar en ondersteuning van jou mede skolier aansteeklik.

*~ Roelof Buitendag*



Juffrou Lené

# Nuwe juffrouens

**1. Wat is juffrou se gunsteling boek genre?**

Magical Realism en Historical Fiction

**2. Waar het juffrou groot geword?**

In Pretoria – die Moot. Nie in Kimberlie nie! 😊

**3. Iets interessant van juffrou?**

Ek praat goed Duits.

**4. Waar het juffrou gestudeer en wat?**

Ek het by die Universitieit van Pretoria Grafiese ontwerp en Sielkunde gestudeer. Daarna het ek besluit om onderwys te studeer.

**5. Watter vakke gee juffrou by die skool?**

Ek gee Engels vir graad 10 tot 12.

**6. Wat doen juffrou in juffrou se spaartyd?**

Ek draf, lees en skryf graag.



Juffrou Kimberley



## Welkom by Eddies

# Ons groet ......



Juffrou An-mari



Tannie Ona



Tannie Hester









# Merietefunksie



Sanggroep



# Skaak

Dit is my 2de jaar wat ek aan Robotika deelneem by oom Jaco by Waterkloof Hoërskool. Ons kry aktiwiteite wat ons op die rekenaar moet intik, en dan word die robot geprogrammeer om te kyk of ons die regte opdrag getik het.

Dit is maklik en moeilik… maar ons geniet dit verskriklik en leer baie.

*~ Lee Binneman*



# ROBOTIKA





# Groentjiekonsert

Die groentjie konsert was 'n spesiale aand. Dit was 'n nuwe avontuur vir die Graad 8's. Die kinders het baie mooi gedans en hul beste gegee.

Die leiers en onderwyseresse het 'n fantastiese werk gedoen.

Nou is die Gr. 8's deel van Duo Edu.

*~ Marissa Venter*



















Dit was 'n goeie ervaring en baie lekker. Die tema van die oriëntering en konsert was "TOP GUN – MAVERICK". Die aktiwiteite wat ons gedoen het tydens oriëntering was baie snaaks gewees. Ons moes bakstene skrop met tandeborsels en goed in ons monde sit en dan 'n woord probeer sê.

*~ Karla Breytenbach*



Ek was in die "Goose"groep. Die skedule wat ons moes volg vir die oriëntering en oefeninge in die middae, was verskriklik erg gewees. Ons was doodmoeg elke middag. Na oefening het ek vroeg op die bed neergeval en aan die slaap geraak.

"GOOOOOOOOOOOSE" was die beste gewees!

*~ Daniël Coertzen*




Verbruikers
DUO EDU
Bianka
DUO EDU
Micah
DUO EDU
Michelle


# JUFFROUENS SE ENTREPRENEURSDAG












# Gasvryheid



Ons almal was gespanne om vir die dag reg te maak. Die dag waarvoor ons almal na uitgesien het. Ons atlete het ons verbaas met ongelooflike goeie prestasies. Ons het die geesbeker sowel as die atletiek gewen. Die dag het op ‘n goeie noot geëindig waar ons ‘n lekker wel-verdiende lang naweek kon kry. Dankie aan al ons onderwysers en vir tannie Lorraine wat hierdie dag moontlik gemaak het. Ek sien uit vir volgende jaar se atletiek dag!

*~ Mila Kriek*








# ATLETIEKDAG










# GEESVANG AAND










EDU


DUO EDU








Duo Edu








DUO EDU






# SKOOLKAMP












NASA
















GOLF




JAWS


























# Kunsklas

# Eddies se redaksiespan:

**UITLEG:**

Juffrou Nedine

**ORGANISEERDERS:**

Juffrou Nedine

Juffrou Manty

**FOTOGRAWE:**

Juffrou Hanlie

Juffrou Nedine

Juffrou Celeste

Juffrou Hanlie

Juffrou Evette

Juffrou Adrie

JP Lötter

Michaela Maartens

**JOERNALISTE:**

Juffrou Hanlie

Migael Gordon

Keira Truter

Johanika Kloppers

Mila Kriel

Leani van der Heever

Marissa Venter

Daniël Coertzen

Karla Breytenbach

Lee Binneman

Aidan de Esclana

Roelof Buitendag

Deon Prinsloo

**REDAKTEUR:**

Juffrou Danica

# Volgende koerantuitgawe:

# 4de kwartaal